# MNR. MOERDYK SE SKEMA.

## Skoonheid en gerief in ag geneem.

### NOODSAAK VAN 'N VROEGTYDIGE BEGIN.

Deur argitek G. Moerdyk is ons die plattegrond van die sentrum van die stad getoon, waarvan op hierdie bladsy 'n afbeelding verskyn. Dit toon 'n skema van mnr. Moerdyk ter verbetering van die stadsuitleg van Pretoria, waarby dan ook 'n geskikte plek vir 'n nuwe stadsaal aan die lig kom.

In 'n onderhoud ter toeligting van die plan, het mnr. Moerdyk gesê dat daar voor die Prowinsiale Raad sekere wetgewing kom en wat waarskynlik nog hierdie Sitting behandel sal word, oor dorp-uitleg. Dis een van die verreikendste en nuttigste stukkies wetgewing wat nog deur die Raad oorweeg word. Die hele toekoms van ons stede is daarmee gemoei.

Daar is sekere fundamentele foute gemaak met die uitleg van al ons dorpe. Pretoria is ingedeel volgens die gewone vierkantsplan; nooit is skoonheid of nut oorweeg nie. Die uitbreiding en verkeer wat die afgelope jare meegebring 't, wat alle verwagtings omvergegooi 't, het gemaak dat die uitleg van die stal heeltemal ondoelmatig is. Ons ondervind nognie soseer die ongerief in Pretoria nie, omdat die stad nog klein is, maar dit sal gevoel word wanneer dit met die koms van industrieë uitbrei.

#### BEGIN VROEGTYDIG.

Wat vandag reggemaak kan word vir duisende, sal oor twintig jaar miskien miljoene kos. In Europa was tot soiets 'n sterk man nodig, soos Napoleon III., wat 'n agterbuurt omgeskep het in die Champs Elysées. In Londen het sir Christopher Wren na die groot brand van 400 jaar gelede 'n plan vir 'n uitleg aan die hand gedoen. Dis nooit verwesenlik nie, want die "shopkeepers"-element was te oorwegend. In die afgelope 400 jaar is die nagedagtenis van daardie mense vervloek. Dis daaraan te wyte dat Londen, hoewel die grootste en in sekere sin die rykste stad van die wereld, wat skoonheid betref ver agter staan by Parys, Berlyn en Wenen. Nou is die toestand so hopeloos, dat 'n plan wat maar 'n onderdeel is, £15 miljoen kos.

Pretoria het die stadium bereik waar iets gedoen moet word. Indien ons Burgemeester sy entoesiasme vir die nuwe stadsaal wou aanwend vir die verbetering van die indeling van die stad, sou dit 'n groot voordeel wees. Hy het gesê dat hy alleen die toekoms van die stad beoog en hier is sy kans om die nageslag 'n ongeëwenaarde diens te bewys.

#### DIE SKEMA.

Die skema is in hoofsaak om goedkoop die uitleg van Pretoria te verbeter deur aanleg van vier "diagonaallane," nuwe strate wat saam 'n vierkant moet vorm. Hulle moet deur die bestaande blokke getrek word, as volg: een van die Stasieplein in noord-westelike rigting na die Prinsessepark; een van die Prinsessepark in noordoostelike rigting na die Dieretuin, een van die Dieretuin in suidoostelike rigting na die hoek van Kerk- en du Toitstraat; een van die Stasieplein in noordoostelike rigting na die hoek van Schoeman- en du Toitstraat. Mnr. Moerdyk doen aan die hand om as plek vir 'n nuwe stadsaal aan te dui die oostelike punt van die vierkant, d.w.s. die twee blokke tussen Apiesrivier, Kerkstraat, du Toitstraat en Schoemanstraat.

#### BREË LANE.

Die diagonaallane moet ongeveer 150 voet breed wees, met in die midde perkies met gras of blomme, sodat die verkeer weerskante in een rigting gaan. Mnr. Moerdyk doen as name vir die lane aan die hand: Statelaan, Krugerlaan, Andries Pretoriuslaan en Unielaan.

Die voordele is in die ooglopend. Die verkeer in die midde van die stad sal aanmerklik verlig word deur die vier strate daaromheen. Hulle sal bowendien vir baie verkeer die weg korter maak. Gaan mens van die stasie na die oostelike voorstede, dan het hy 'n kort pad langs Statelaan. Van die stasie na die weste bedien hy hom van Krugerlaan, van Capital Park na Arcadia gebruik hy Andries Pretoriuslaan en van Wes-end na Capital Park Unielaan.

#### PRETORIUSSTRAAT DIE MIDDESTRAAT.

Pretoriusstraat word volgens die plan die middestraat naas Markstraat. Vir die stadsaal is die aangeduide plek uitermate geskik, omdat mens vanuit Statelaan, Andries Pretoriuslaan en Pretoriusstraat daarop kyk. Bowendien wil mnr. Moerdyk aan die oostekant Pretoriusstraat deurtrek oor Walkerspruit en Apiesrivier. Die huidige Caledonian-terrein, wat agter die stadsaal sal lê, word dan 'n uitstekende plek vir openbare tuine, met die bestaande swembad daarnaas. Die bestaande Caledonian-baan is geskik vir 'n amfiteater.

Die voorgestelde lane deurkruis bestaande erwe, wat op die eerste oog laat voorkom of die lane baie duur sal wees. Maar die nuwe strate loop deur nie een duur gebou nie. Die betrokke erwe sal natuurlik opgekoop moet word, maar vergeet moet nie word nie dat die grond na dit opgesny is, groter waarde het. Dit lê dan aan 'n hoofweg en die front is baie groter as van die oorspronklike grond. Daar sal natuurlik, soos die plattegrond te sien gee, baie klein hoekies grond oorbly. Hierdie "eilandjies" is geskik vir standbeelde of grasperke en sal die gewenste afwisseling gee op ons huidige eentonige blokverdeling.

#### IS AL STADSBESIT.

Die Caledonian-terrein, die Stasieplein, die Prinsessepark en die noordwestelike hoek van Mark- en Boomstraat is reeds stadsbesit. Die Dieretuin, meen mnr. Moerryk, dien eventueel, soos al voorgestel, verplaas te word na ruimer terrein te Fonteine.

Wanneer 'n groot deel van die spoorwerkplase verskuif is na Innesdal, sal daar plek wees om die Johannesburgse pad, soos die plan aandui, baie korter deur te trek sodat dit uitkom op die Stasieplein. Dan kan die treine van die Delagoabaailyn deur Innesdal gaan (goedere moet tog daarheen) en die huidige spoorbaan van die stasie na die ooste vrykom vir 'n motorpad na die oostelike voorstede. Die inwoners van daardie deel van die stad kan dan met minder lawaaierige en skoner busse vervoer word. Op Kerkplein, meen mnr. Moerdyk, kan in die midde 'n klokketoring opgetrek word.

Dis te hope, sê hy, dat Pretoria liewer sy aandag sal skenk aan 'n omvattende plan soos hierdie, as aan 'n nuwe stadsaal, wat tog nie onmiddellik nodig is nie. Dis die hoofstad van die Unie en derhalwe dien die Stadsraad nie alleen seggenskap te hê nie. Dis seker iets waarmee die Eerste Minister en ook die Administrateur, aangesien dit die Prowinsiale Hoofstad is, hul dien te bemoei. Hulle behoort deskundiges aan te wys om op die saak in te gaan, wil die stad nie slagoffer word van die willekeur van mense wat nie die eerste beginsels van stadsaanleg ken nie.